# Gesels saam

GRAAD 1-3

## WELKOM

Speel 'n aangepaste weergawe van telefoontjie. Die eerste kind fluister 'n sin in die maat langsaan se oor (voorbeeld: "Ek hou baie van roomys"). Die maat moet dan een woord in die sin verander en die nuwe sin in die volgende maat se oor fluister (voorbeeld: "Ek hou baie van kaas"). Gaan so aan totdat al die kinders die sin gehoor het. Die laaste kind moet sê wat hy of sy gehoor het en dan raai wat die oorspronklike sin was. As 'n kind nie die sin mooi gehoor het nie, mag hy of sy die vorige persoon vra om dit een keer te herhaal.

*Alternatief:* Speel net gewone telefoontjie.

Vandag gaan ons 'n storie in die Bybel hoor waar die slang die Here se woorde 'n bietjie verdraai het.

## WONDER

Vertel die storie in Genesis 3:1-24 vir die kinders. Hier is 'n voorbeeld van hoe dit vertel kan word:

In die begin het God vir Adam en Eva in die mooiste tuin laat bly. Daar was baie bome met lekker vrugte. Daar was twee bome in die middel van die tuin: die boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad. God het vir hulle gesê: "Julle mag van al die bome eet, maar nie van die boom van die kennis van goed en kwaad nie."

Eendag het 'n slang gekom. Hy was slimmer as al die diere. Die slang het vir Eva gevra: "Het God regtig gesê julle mag nie van die bome in die tuin eet nie?"

Eva het gesê: "Ons mag van die ander bome eet, maar nie van hierdie een nie. As ons dit eet, sal ons doodgaan." Die slang het gelag en gesê: "Julle sal nie doodgaan nie! Julle sal slim word soos God en alles weet."

Eva het na die vrugte gekyk. Dit het mooi gelyk en sy het gedink dit sal lekker smaak. Sy het daarvan geëet, en toe vir Adam gegee, en hy het ook geëet.

Skielik het hulle geweet hulle is kaal, en hulle het skaam geword. Hulle het blare aanmekaargewerk om hulleself toe te maak.

Toe hulle God in die tuin hoor, het hulle weggekruip. God het hulle geroep: "Waar is julle?" Adam het geantwoord: "Ek het U gehoor en ek was bang; daarom het ek weggekruip."

God het geweet wat gebeur het. Hy was hartseer, want hulle het nie na Hom geluister nie. Hy het vir hulle klere van dierevelle gemaak en hulle uit die tuin gestuur. Maar Hy het ook 'n belofte gemaak: "Eendag gaan Ek alles wat hier gebeur het, regmaak."

As jy foute maak, moet jy nie vir die Here wegkruip nie. Jy moet eerder na die Here toe hardloop. Die Here bly lief vir jou en wil jou help wanneer jy foute maak.

## WEES

Gee vir elke kind ’n afskrif van die hulpmiddel “Adam en Eva en die slang” (kies die “Graad 1-3”-opsie).

Laat die kinders die prentjie (legkaart) inkleur. Vertel weer die storie vir die groep. Verduidelik vir hulle dat Adam en Eva se besluit om van die vrugte te eet, hulle verhouding met God stukkend gemaak het. Dit is amper soos om die prentjie in stukke te knip. Laat hulle nou die prentjie op die lyne uitknip.

God het van die begin af besluit om die prentjie weer heel te maak. Die kinders kan nou die legkaart bou en die stukke op ’n skoon vel papier plak.

## WEGSTUUR

Bou hierdie week ’n legkaart en dink terug aan die storie van Adam en Eva in die tuin van Eden.